Maart 2024

# PROGRAM
# WESKUS-, BLOMME- & CEDERBERG-TOER
## 19 – 26 Augustus 2024

**Augustus**

**Ma 19** **KAAPSTAD – CLANWILLIAM**

Ons ontmoet mekaar op die Kaapstadse lughawe. Reël asseblief u vervoer of binnelandse vlugte dat u voor 12:00 op Kaapstad se lughawe is. Daarvandaan ry ons per bus na Clanwilliam en stop onderweg by 'n padstal wat plaaslike produkte verkoop. Voor ons na ons gastehuis gaan, onderneem ons 'n kort besigtigingstoer van Clanwilliam – een van die tien oudste dorpe in Suid-Afrika.

**Di 20** **CLANWILLIAM – VANRHYNSDORP – NIEUWOUDTVILLE – CLANWILLIAM**

Vanoggend ry ons in 'n noordelike rigting na Vanrhynsdorp, waar ons 'n vetplantkwekery besoek. Die vetplante is endemies aan die omgewing en is bekend vir hul beskrywende volksname. Ons hoor waarom die Knersvlakte eintlik 'n versteekte juweel is. Daarna vertrek ons na Nieuwoudtville, die bolplanthoofstad van Suid-Afrika. Die omgewing is ook bekend vir die skouspel van veldblomme gedurende Augustus en September. Daar is genoeg tyd om tussen die blomme deur te stap, blomme te identifiseer en mooi foto's te neem. Ons keer laatmiddag terug na Clanwilliam vir aandete en waar ons oornag.

**Wo 21** **CLANWILLIAM – BIEDOUWVALLEI – CLANWILLIAM**

Ná ontbyt vertrek ons na die noordelike deel van die Cederberg waar ons die kombinasie van fynbos en tipiese rotsformasies, eie aan die Cederberg, sien en hoor waarom die graf van dr. Louis Leipoldt hier onder 'n rotshang gevind word. Hierdie wêreld is ook baie gewild onder rotsklimmers. Ons ry verder na die Biedouwvallei, waar ons tussen 'n verskeidenheid veldblomme kan rondstap. Dié skouspel word deur die voorafgaande reën en weersomstandighede bepaal. Ons geniet middagete op 'n plaas in die omgewing. Voor 'n ligte aandete kan ons in die boomryke tuin van ons gastehuis ontspan.

**Do 22** **CLANWILLIAM – LAMBERTSBAAI – CLANWILLIAM**

Vandag ry ons in 'n westelike rigting deur die hart van die Sandveld. Ons luister onderweg na staaltjies uit die omgewing. Ons reis na Lambertsbaai, waar ons na voëleiland stap en vanaf 'n uitkykplatform die bedrywighede van duisende malgasse en duikers sien. Ons ry per bus na die Muisbosskerm, 'n opelug-strandrestaurant. Hier geniet ons 'n uitgebreide middagete, bestaande uit 'n verskeidenheid seekosse en ander vleisdisse en geregte, terwyl ons kan voete natmaak in die planktonryke Weskusseewater.

**Vr 23** **CLANWILLIAM – CEDERBERG – CLANWILLIAM**

Ná ontbyt het ons kans om die plante en blomme van die omgewing te sien wanneer ons deur die plaaslike veldblomtuin stap.

Daarna ry ons deur die hart van die Cederberg en vind uit waarom hierdie gebied 'n natuurbewaringsprojek is en watter fauna en flora hier beskerm word. By 'n oorhangrots sien ons rotstekeninge wat vir honderde jare bewaar gebly het en ry dan na die Stadsaal-rotsformasies wat om verskeie redes bekendheid verwerf het. Ons stap deur talle rotsformasies wat as gevolg van verwering 'n besondere prentjie maak. Ons geniet weer aandete by ons gastehuis.

**Sa 24** **CLANWILLIAM – JACOBSBAAI**

Vandag ry ons via die vissersdorpie Elandsbaai en Dwarskersbos langs die Weskus af na Velddrif. Ons ry deur die bokkomwêreld en vertoef 'n tydjie in die skilderagtige Paternoster voor ons na Jacobsbaai vertrek, waar ons twee nagte tuisgaan op die plaas Swartriet teen die Weskus. Ons arriveer betyds om op die strand te staan en die sonsondergang oor die Weskus dop te hou. Daarna geniet ons aandete en kuier lekker saam.

**So 25** **JACOBSBAAI – WESKUS NASIONALE PARK – JACOBSBAAI**

Vandag ry ons via Langebaan na die Weskus Nasionale Park – een van die min plekke waar veldblomme en see bymekaar gevind kan word. Die park is slegs hierdie tyd van die jaar, weens die blommeskouspel vir besoekers oop. Ons kan weer tussen die verskeidenheid blomme deurstap en teen hierdie tyd reeds heelwat van die spesies identifiseer! Vanaand sluit ons die toer met 'n gesellige aandete op Swartriet af.

**Ma 26** **JACOBSBAAI – KAAPSTAD**

Ons ry vanoggend via Darling na Kaapstad. In Darling stap ons deur 'Evita se Perron', die plek waar Pieter-Dirk Uys sy vertonings lewer. Op die Kaapstadse lughawe neem ons swaar afskeid van al die vriende wat ons op die toer gemaak het en gaan huis toe ná 'n ongelooflike vakansie in een van die mooiste dele van ons pragtige land.

**NB:** *Hierdie toerprogram kan na gelang van weers- of ander onvoorsiene omstandighede aangepas word om o.a. die blomme te geniet op die dae wat die son skyn.*